MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

20 MARCH 2011

Regering se menseregterekord laat 'n groot vraagteken

“Die regering se menseregterekord, is soos sy ‘verbintenis’ tot nie-rassigheid, besig om in ‘n skandaal te ontwikkel. Ons doen ‘n beroep op die regering om sy verbintenis tot menseregte en nie-rassigheid tasbaar te demonstreer deur weg te beweeg van rassediskriminerende wette eerder as om dit in die wetboek te versterk,” aldus ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

“Ons is veral onthuts oor die wyse waarop die ANC laer om Jimmy Manyi getrek het, en ‘n swye handhaaf oor Julius Malema se beroep op swart mense om as deel van die revolusie meer swart babas te verwek. Maar selfs dit staan in die skadu van die ANC se suksesvolle aansoek om as party tot ‘n hofsaak toe te tree – nie om menseregte te bevorder nie, maar om die sing van ‘n liedjie wat die bloed van ander vra, te verdedig.”

Government’s commitment to human rights leaves a huge question mark

“Government’s commitment to human rights, is developing into a scandal similar to its ‘commitment’ to non-racialism. We call on government to demonstrate its commitment to human rights and non-racialism by moving away from racial discriminating laws rather than expanding them in the statute book,” says Christian Democratic party (CDP) leader,. Theunis Botha.

“We are especially appalled at the fashion in which the ANC closed ranks around Jimmy Manyi, and has fallen into silence on Julius Malema’s call for more Black babies to be born as part of the revolution. But even this shadows the ANC’s successful bid to be party to a court case defending the singing of a song calling for the blood of others – rather than defending the human rights of others.”